# Weskus Kersmark

kontak: anna brand
prins willem str 11, vredenburg, 7380
telnr: 0836097142

Weskusmark@akkerdykkerk.co.za
www.akkerdykkerk.co.za

Welkom by die 24ste Weskus Kersmark 2026

Datum : 11- 22 Desember 2026

Plek : Skilpadsaal Vredenburg.

Kort roete-aanwysings: Volg Hoofstraat in Westelike Rigting. Draai regs by 4 rigtingstop. Groot kerk op links. Draai 3de Straat Regs, Esperiastraat, saal op links by Tennisbane

| | | |
|---|---|---|
| Besigheidsure: | Maandag – Saterdag | 09h30 – 18h00 |
| | Laaste dag | 09h30 – 15h00 |

## 1. REGISTRASIE

Die registrasiefooi beloop R750 per vol tafel vir 10 dae, R475 per halwe tafel. Bedrae is betaalbaar voor of op 31 Augustus 2026.

**BELANGRIK!! Gelde word inbetaal by:**

- **NG Kerk Vredenburg Akkerdyk**
- **ABSA - Vredenburg**
- **Rekening nr.: 1300 58 0056**
- **Takkode: 521 911**
- **Verwysing: Naam en Van**
- **Email bewys tesame met aangehegte produklys na weskusmark@akkerdykkerk.co.za**

**NB!!** Geen registrasiefooi is terugbetaalbaar met kansellasie. Onthou 19% van totale verkope word afgestaan aan Weskus Kersmark. Uitstallers van Juwele, wat self by hulle tafels toesig hou, sal 17% kommissie aan die kerk betaal.

## 2. UITPAK EN UITSTALLING

Alle uitstallers moet op 9 of 10 Desember 2026 vanaf 09h00 – 17h00 kom uitpak. Uitstallers moet asseblief spesifiseer of hul tafel of staanplekruimte vir bv. Klerereëlings benodig. Elke uitstaller moet vir die volle duur van die mark uitstal. **Alle items waarvoor u aansoek gedoen het, moet op die tafel wees.** 'n Leë tafel **kan** beboet word. Tafelbedekkings moet deur uself voorsien word en moet 10cm van die vloer af hang.

## 3. OPRUIM

Die saal moet ontruim word op Dinsdag, 22 Desember 2026. Uitstallers moet asseblief **BUITE** die saal wag en sal om **15h15** in die saal toegelaat word vir die amptelike afsluiting. Na die afsluiting mag daar opgepak word. Onder geen omstandighede sal daar voor die afsluiting opgepak word nie. 'n Boete sal betaalbaar wees vir vooraf oppak

## 4. SENTRALE BETAALPUNT

Daar sal 'n sentrale betaalpunt wees. Betalings sal in kontant; debiet- en kredietkaart aanvaar word. Die publiek sal artikels op die selfhelp metode neem vir aankoop en die persone wat toesig hou sal u belange sover moontlik beskerm. Die uitbetaling ten opsigte van die verkope sal binne 14 dae na sluiting van die mark geskied. **LW!! Geen tussentydse uitbetalings of voorskotte sal gemaak word nie.**

**5. ETIKETTE EN KODESISTEEM**

**Email u betalingstrokie, produklys soos aangeheg (in excel) en hoeveelheid etikette na weskusmark@akkerdykkerk.co.za.** Prysetikette moet asb op 'n duidelik sigbare plek aangebring word en verkieslik op 'n plat oppervlak om die skandeer van die produkte te vergemaklik. Enige artikels sonder prysetikette sal nie verkoop word nie – maak dus dubbel seker dat **alle** artikels behoorlik gemerk is.

**6. ALGEMEEN**

Ons kan geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige skade of verlies wat gely word nie. Ons sal gedurende die dag persone aan diens hê wat sal toesig hou en uitpak. Gedurende die nag sal die perseel bewaak word deur sekuriteit. Indien Weskus Kersmark weens onvoorsiene omstandighede afgestel of uitgestel moet word, sal die Weskus Kersmark nie vir skade of verlies van u verwagte inkomste aanspreeklik gehou kan word nie.

**7. REKLAME**

Ons gaan soveel moontlik adverteer, sover soos Darling, Yzerfontein, Malmesbury, Moorreesburg, Piketberg, Velddrif, Saldanha , Vredenburg, Vredendal, Lutzville, Langebaan en Paternoster.

Indien u 'n probleem het met enige van bogenoemde reëls, moenie huiwer om ons te kontak nie.

**Indien u, weens onvoorsiene omstandighede, nie die kersmark kan meemaak nie, versoek ons u om ons ASB onmiddellik in kennis te stel**.

Mag die Here u seën in u voorbereiding en uitstalling. Ons vra almal se vriendelike samewerking om van die Kersmark 'n sukses te maak.

Groete

*ABrand*

Anna Brand
ORGANISEERDER